University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 7

## VREDESKOMITEES IN DIE KAMPE

Laat in Desember 1900 is 'n Burgervredeskomitee in Suid-Afrika gestig. Hierdie Komitee het die heelhartige steun van die Britse bevelvoerders in Suid-Afrika geniet.[1] Die Britse militêre opperbevelvoerder in Suid-Afrika, lord Kitchener, het die Vredeskomitee beskou as " an outside independent organisation allowed by me, to do their best to induce the boers in the field to see the hopelessness of their struggle for independence and to show them a considerable local feeling exists against the continuance of the war which must ruin their country."[2]

Die sentrale Vredeskomitee het uit invloedryke Boere bestaan wat die eed van neutraliteit afgelê het, en hulle dus vir die verkryging van vrede beywer het. Deur die werksaamhede van dié komitee is talle plaaslike vredeskomitees in dorpe en op die platteland gestig. Hierdie komitees het hulle aksies ook na die krygsgevangekampe uitgebrei, en het die volle steun van die verskillende kampowerhede geniet. Dit was hulle doel om die krygsgevangenes om te praat om hulle trou aan die Boeresaak af te sweer en hulle aan die Britse heerskappy te onderwerp.[3] Soos straks gesien sal word, het hulle verdeeldheid onder die gevangenes in die kampe gebring en dikwels deur hulle aksies onrus in die kampe veroorsaak.

---

[1] A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 86; TAB, Pretoria, S.O.P. 1, PR/A 90: Lord Kitchener, Pretoria - G.O.C., Natal, Newcastle, 1901.01.14; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 469.

[2] Soos aangehaal in A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 87; Kyk ook S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 469.

[3] A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 85-86; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 469-470, 473-474.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



1. Vredesagente en eedaflegging in die kampe

Vredesagente het nie net van buite die kampe gekom nie. Spoedig na die aankoms van die eerste krygsgevangenes in die krygsgevangekampe, lank reeds voor die stigting van bogenoemde komitees, was sogenaamde vredesagente reeds daar werksaam. Hierdie "agente" het gekom uit 'n groep burgers wat as "hendsoppers" (wapenneerlêers) bekend gestaan het. Dit was burgers wat die Republikeinse oorlogspoging versaak het, hulle vrywillig aan die Britte oorgegee het, en ook die eed van neutraliteit by die Britte afgelê het. Dit het hulle gedoen omdat hulle na vrede gestreef het, en die oorlog wou beëindig.[4]

Die hendsoppers kan in twee groepe verdeel word. Passiewe hendsoppers het na eedaflegging niks gedoen om die strydende burgers te dwarsboom, of om die Britte se krygsaksies te bevorder nie. Aktiewe hendsoppers aan die ander kant het dikwels in 'n nie-vegtende hoedanigheid in Britse diens getree om as verkondigers van vrede deur oorgawe, te werk. Deur 'n beplande veldtog het hulle probeer om die getroues in Boeregeledere te velde, en in krygsgevangekampe, tot oorgawe oor te haal. Onder vredeliewende burgers het die vredesagente groot sukses behaal.[5]

In die kampe was daar groot meningsverskil oor of die stryd voortgesit moes word of nie. Talle krygsgevangenes in die kampe, wat ten gunste van vrede was, is deur die Britse owerhede as vredesagente gewerf. Die ander krygsgevangenes het die vredesagente gevrees, want hulle was onseker oor die optrede van die militêre owerheid teenoor gevangenes wat deur die Britse handlangers aangekla word. Die nuusdraers het die kampowerheid gewoonlik gretig op hoogte van standpunte van getroue Boerekrygsgevangenes gehou. Talle krygsgevangenes in Groenpunt en ander kampe het beweer dat hierdie Britse handlangers in eie geledere verantwoordelik was vir die mislukking van die meeste ontsnappingspogings. Om hierdie redes is getroues tot groot versigtigheid genoodsaak, en het hulle 'n veldtog gevoer om die nuusdraers en die eedafleggers

4 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 1, 58; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 468.

5 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 1, 58; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 468-469.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



op te spoor en hulle te straf.[6]

In Groenpuntkamp is die vredesagente uitgejou, soms selfs by die hek uitgegooi, of in ‘n bad water natgemaak en daarna in die sand gerol. Op ‘n keer is 'n vredesagent byna in 'n vullisbak gegooi - die tussenkoms van die burgerkommandant het dit verhoed. Na sulke voorvalle het die kampowerheid telkens moeite gehad om die getroues aan die Boeresaak in die kamp tot bedaring te bring, want die ontdekking van en gevolglike optrede teen 'n vredesagent in hulle midde het hulle oproerig gemaak. Die kampowerheid in Groenpunt het dan ook gepoog om die aanvoerders van die vervolgings op te spoor, en hulle te straf. Na die oproerigheid is die burgers ook deeglik gewaarsku teen soortgelyke optrede in die vervolg, en gedreig met verbanning of gewelddadige optrede.[7] Hierdie waarskuwing is egter selde deur die getroue burgers ter harte geneem.

Die sentrale Vredeskomitee wat in Desember 1900 gestig is, het die werksaamhede van die "agente" in die krygsgevangekampe ondersteun. Van Januarie 1901 af het ‘n afvaardigings van die Vredeskomitee die kampe besoek. Die afvaardiging het die krygsgevangenes aangemoedig om lyste (petisies), waardeur hulle vir vrede deur oorgawe agiteer, te teken. Dié lyste moes dan aan Boere-offisiere en politieke leiers te velde gestuur word, om hulle moreel te verplig om die stryd te staak. 'n Hele aantal van hierdie vredespetisies het later die rondte in Groenpuntkamp gedoen. Hoewel daar vele was wat dit onderteken het, het die meerderheid krygsgevangenes dit nie goed ontvang nie.[8]

Die afvaardiging van die Vredeskomitee wat Groenpunt in Januarie 1901 besoek het, het die wind van voor gekry. Soos die vredesagente wat in eie geledere ontdek is, het die gevangenes die afvaardiging by die kamp uitgejaag. Die besoek van die afvaardiging het 'n taamlike opskudding

---

6 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 472-473; Hugo H. van Niekerk, *op. cit.* 1900.04.17, p. 59.

7 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.28, p. 62 en 1900.11.14, pp. 101-102; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 485-487.

8 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, p. 54 en 1900.04.17, p. 59; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 56.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



onder die gevangenes veroorsaak en kol. Money, die bevelvoerende offisier van die kamp, groot moeite besorg om rus en vrede te herstel. Nietemin het die vredeskomitee reeds sy aanhangers onder die gevangenes in Groenpunt gehad, wat sy werk in die kamp voortgesit het.[9]

Die afvaardiging het Bellevuekamp ook in 1901 besoek en petisies om vrede ook hier die rondte laat doen. Onder die lede van die afvaardiging was P.D. de Wet, broer van genl. Christiaan de Wet en self ook 'n eertydse Boeregeneraal. Onder die getroue burgers in hierdie kamp het die petisies ook protes ontlok. Nietemin blyk dit dat die petisies groot sukses onder die gevangenes in Bellevue gehad het. Na aanleiding van die afvaardiging se besoek, is 'n sub-komitee van die Vredeskomitee in Bellevue gestig. Die afvaardiging het na sy besoek aan Groenpunt en Bellevue by die Britse bevelvoerders aanbeveel dat al die vredeliewende gevangenes uit Groenpunt en elders na Bellevuekamp oorgeplaas word. Hierdie aanbeveling is later in 'n groot mate uitgevoer, terwyl die burgers wat geweier het om die petisies te onderteken, na Groenpunt of een van die oorsese kampe gestuur is.[10]

Hoewel die vier Suid-Afrikaanse kampe aanvanklik die karakter van oorplasingskampe gehad het, het die karakter van Bellevuekamp en Tin Town deur die loop van 1901 aansienlik verander. Die Britse owerheid het toenemend eedafleggers en vredesgesindes van die ander kampe in Suid-Afrika na Bellevue en Tin Town gestuur. Dié wat nie in vrede belanggestel het nie, is weer uit dié twee kampe na Groenpunt en Umbilo oorgeplaas.[11] Krygsgevangenes wat kort na gevangeneming die eed afgelê het, is ook direk na Bellevue gestuur. In Bellevue en Tin Town het

---

9 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, p. 54 en 1900.04.17, p. 59; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 56.

10 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 113-114; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 50-51; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 474-476.

11 In April 1900 het die militêre owerheid byvoorbeeld 'n spesiale bevel uitgereik waarvolgens onderskeid gemaak word tussen eedafleggers en alle ander krygsgevangenes. Eedafleggers sou voortaan as politieke gevangenes beskou word en in Simonstad aangehou word, "...all the rest of prisoners at Cape Town must be sent away, with the exception of voluntary surrenderers. No Prisoners of War are to be kept at Cape Town, except for the purpose of being kept until a ship is ready to remove them out of South Africa." Aanhaling uit: TAB, Pretoria, S.O.P. 15, PR/A 1270: Provost Marshall - Chowder, 1901.04.25.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die vredeliewende krygsgevangenes inderdaad later die meerderheid gevorm, en was hulle veilig teen die vervolging van getroue burgers. Teen die einde van Mei 1902 was daar byvoorbeeld sowat 1100 eedafleggers in Bellevue.[12]

Die vredesbeweging het nadelige gevolge vir die kamplewe in die algemeen ingehou. Dit het die kamplewe in beroering gebring, en verdeeldheid, wantroue en verwarring onder die krygsgevangenes gebring. Vir die gevangenes trou aan die Boersaak, het dit al moeiliker geword om te weet wie vertrou kon word, en wie nie. Met die hulp van die vredesagente het die kampowerheid in Groenpunt en die ander kampe al hoe meer teen getroues opgetree. Hierdie agente in die kampe is deur die Britse wagte onder beskerming geneem, om te keer dat die getroue gevangenes teen hulle optree. Dit het die verdeeldheid tussen die getroues en die vredeliewendes vergroot. Skynbaar het die kampowerhede dus ook 'n indirekte verdelende rol in die lewe van die krygsgevangenes gespeel.[13]

Getroues wat verantwoordelik was vir optrede teen vredesagente, is gewoonlik uit Groenpuntkamp verwyder, en in die kasteel in Kaapstad aangehou, of na oorsese kampe gestuur. Deur hierdie optrede wou die Britse owerheid soveel as moontlik gevangenes oorhaal om die eed af te lê. Afvalligheid en oorlopery onder die krygsgevangenes is bevorder deur die beskerming wat aan die eedafleggers verleen is. Die gunstige verloop van die oorlog vir die Britte, en die aanhoudende wegstuur van getroues na oorsese kampe, het ook eedaflegging in Groenpunt bevorder. Geleidelik het die gety ten gunste van oorgawe sterker geword, en het die stryd teen die vredeskomitees in Groenpuntkamp, en ook die in ander kampe, verflou.[14]

Uiteindelik het die kampowerheid se intimidasie dus die gewenste resultate opgelewer.

---

12 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 122-123, 126-127, 473.

13 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 479-482.

14 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 115; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.06.29-1900.08.28, pp. 67- 89; TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, pp. 50-52; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 520-521.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Gedurende die laaste helfte van 1900 en die eerste helfte van 1901, het 'n groeiende stroom van krygsgevangenes in die Suid-Afrikaanse kampe die eed van neutraliteit afgelê. Van die begin van 1901 af is hierdie eedafleggers op grond van meriete oorwegings vanuit Groenpunt en ander Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe, na konsentrasiekampe in die voormalige Republieke gestuur. In Mei 1901 het Kitchener egter bevel gegee dat alle persone in Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe, wat as wapenneerlêers beskou kon word, so gou moontlik na die konsentrasiekampe gestuur moes word. In hierdie kampe het hulle groter vryhede geniet, en kon hulle ook op parool uitgaan.[15] Die wete dat hierdie vryhede op hulle wag indien hulle die eed afgelê het, moes ongetwyfeld talle gevangenes in die krygsgevangekampe oorgehaal het om tot die stap oor te gaan.

Dit is te betwyfel of die druk wat die Britse owerheid deur middel van die vredeskomitees en -agente op die krygsgevangenes uitgeoefen het, in ooreenstemming met die reëls van die Haagse Konvensie was. Dit ten spyt, het die veldtog om vrede in die kampe mettertyd momentum opgebou. Deur die loop van 1901 het eedaflegging in al die Suid-Afrikaanse kampe drasties toegeneem en het die Britse owerheid se doel met die vredeskomitees dus vrugte afgewerp.

---

15 A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 117; Privaatversameling: briewe van L.J.S. Changuion, Changuion - H.E. Potgieter, April - Junie 1901; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.06 29-1900.08.28, pp. 67-89.